Hierdie Handelinge van die Vyfde Algemene inode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is die vrug van die werk wat van 30 Januarie tot 04 Februarie 2023 te Potchefstroom deur die afgevaardigdes na die Algemene Sinode gedoen is. Met die samestelling van die Handelinge het die Deputate van die Algemene Sinode: Uitgee van die Handelinge 2023 weereens onder die indruk gekom van die groot waarde van korrekte opteken van besluite in die notule. Die Deputate het daarom probeer om hierdie Handelinge so gebruikersvriendelik moontlik vir gebruik in die kerke te maak deur sake wat bymekaar hoort, saam te voeg, en besluite wat oor verskillende aspekte van dieselfde saak handel, saam te groepeer. Daar is gepoog om die feitelike korrektheid van die Handelinge 2023 te verseker deur alle stukke en besluite na te gaan, om sodoende te verseker dat 'n dokument in die GKSA beskikbaar gestel word wat met gemak en ook met vertroue gebruik kan word. Wysigings wat die Sinode in rapporte van die onderskeie kommissies aangebring het, is direk in die oorspronklike Rapporte opgeneem met 'n duidelike aanwysing deur die Deputate: Uitgee van die Handelinge 2023.	The Acts of the Fifth General Synod of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika are the result of the work done from January 30 to February 04, 2023 in Potchefstroom by the delegates of the General Synod. Upon the compilation of the Acts the Deputies: General Synod 2023 Acts realised anew the great value of accurate recording of decisions from the minutes. The Deputies thus endeavoured to draft these Acts in as user-friendly a manner for churches by grouping related matters together and likewise grouping decisions pertinent to different aspects of a matter. The factual accuracy of Acts 2023 has been assured through review of all documentation and decisions with the aim of providing the GKSA with an easy-to-use and trustworthy document. Revisions by the Synod to the reports of different commissions have been made directly to the original reports and clearly indicated by the Deputies: General Synod 2023 Acts.
Die Handelinge van die Vyfde Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is verder voorsien van: • die nodige inhoudsopgawe, • register van die artikels van die notule, en • alfabetiese indeks om die nagaan van die verskillende stukke en besluite, te vergemaklik.	The Acts of the Fifth General Synod of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika also contain: • the necessary index; • a register of the articles of the minutes; and • an alphabetic index to facilitate the review of the different documents and decisions.
Ons rig graag 'n besondere woord van dank aan dr W du Plessis wat die geweldige taak om hierdie Handelinge persklaar te kry, in 'n baie kort tydsbestek verrig het. Dit is vir die Deputate 'n besondere voorreg om die Handelinge van die Vyfde Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die kerke te bied – met die bede dat die kerk van die Here hierdeur gedien mag word – tot die verheerliking van sy Naam en tot uitbreiding van Sy koninkryk!	We would like to express a special word of appreciation to Dr W du Plessis for the enormous task of preparing these Acts ready for publication within a short space of time. It is a great privilege for the Deputies to present the Acts of the Fifth General Synod of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika to the churches – with the prayer that it may serve the church of the Lord – to the glory of His Name and the growth of his Kingdom.
Ds CA Jansen (Voorsitter). Dr W du Plessis (Skriba). Ds MA Modise. Ds PW Kurpershoek.	Rev. CA Jansen (Chairman). Dr W du Plessis (Scribe). Rev. MA Modise. Rev. PW Kurpershoek.